Beeld
Jou wêreld, Jou koerant

Druk hierdie artikel

# Resensie:'n Trio en trio's om te koester

2003-02-27 16:02

Thys Odendaal

**Koornhof, Bailey & Jacobs**
**Mount Grace**

**'n Mens sou te maklik kon sê dat dit die aard van Mendelssohn se skryfstyl is wat musici noodsaak om 'n feitlik onbelemmerde vloei in sy musiek te vind. Dit is om dié komponis se kamermusiek te onderskat. Dit verg steeds, en miskien by uitstek musici wat 'n aanvoeling het vir die Mendelssohn-idioom, soos dié trio - Piet Koornhof (viool), Jessica Bailey (tjello) en Pieter Jacobs (klavier).**

**Dit het onder meer te make met die juiste gewig wat deur 'n ewewigtige aanslag verleen word, wat byvoorbeeld die Op. 66-*Klaviertrio* iets spesiaals kan maak. Glinstering en sprankel was daar volop, maar daar is insgelyks ag geslaan op 'n onderliggende skadu wat van dié werk iets besonders maak.**

**Die drie musici het ook in Brahms se *Trio in c*, Op. 101, geïmponeer. Hulle het met onbaatsugtige oorgawe die sublieme modulasies beklemtoon. Die ritmiese en harmoniese vitaliteit van die volbloed-werk het plek-plek byna orkestrale klankgolwe opgelewer, of só het dit altans geklink in die akoestiek van dié saal. Tog is die introspektiewe kompleksiteite van die drie partye, byna so onpeilbaar soos Brahms self, nie misken nie.**

**As die drietal só meelewend saam musiseer, wonder 'n mens watter besonderse hoogtes hulle as ensemble kan bereik sou hulle meer dikwels saam konsertreekse kon aanbied . . .**

**'n Kamerkonsert om te koester.**

**- Beeld**